# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ / - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 JANUARY **No. 07**


**DIE HEILIGE SKRIF**

*Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.*

**PSALM 101: 1 tot 8**

1. Ek wil sing van u troue liefde en u geregtigheid, ek wil 'n lied sing tot u eer, Here.
2. Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe. Wanneer kom U na my toe? In my huis wil ek lewe in opregtheid,
3. niks wat sleg is, wil ek nastreef nie. Ek haat wat verkeerd is. Dit mag geen houvas op my hê nie.
4. Valsheid wil ek van my af weg hou, van kwaad wil ek niks weet nie.
5. Wie sy naaste beskinder, wil ek uitwis. Hoogmoed en vermetelheid verdra ek nie.
6. Ek kies as my amptenare dié in die land wat op God vertrou; die man wat opreg lewe, hy kan in my diens wees.
7. Geen bedrieër sal in my paleis diens doen nie, geen leuenaar kan my dien nie.
8. In my daaglikse regspraak sal ek al die goddeloses in die land uitwis, almal wat onreg doen uit die stad van die Here uitroei

# DIE HERE JESUS SAL SY BELOFTES AAN JOU ONTHOU!

THE LORD JESUS CHRIST WILL REMEMBER HIS PROMISES TO YOU!

*Eerw. Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



'n Baie geseënde Nuwe Jaar vir al my uitgebreide **Echo of His Call** familie!

Ek bid dat dit die jaar sal wees waarin God jou en jou gesin en die goeie werk wat julle vir Hom doen, sal onthou.

Die Bybel verseker ons dat ons God sy beloftes eer. Hy verklaar: **Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het** (Genesis 28:15). As God iets belowe is Hy getrou om dit uit te voer – op sy perfekte tyd. Sy tydsberekening kan 'n dag wees, 'n week, 'n maand, 'n jaar of selfs oor geslagte heen. Wat ook al, Hy sal sy beloftes vervul.

Ek bid dat 2025 jou Kairos-jaar sal wees – God se aangewese tyd dat sy beloftes in jou lewe sal gebeur.

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**



***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...

REACHING NATIONS





**"... Dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn." – Spreuke 3:10.**

Liewe kinders van God in die Here Jesus,

Ons groet julle met liefde en ons hou vol om te bid vir julle dag-tot-dag beskerming en welsyn van jul lewens. Dankie vir julle vurige gebede en blymoedige ondersteuning aan ons gedurende die afgelope jaar. Ons vertrou dit gaan goed met julle almal.

Die afgelope jaar was ons bedieningspad gevul met God se goedheid. In alle gevalle het Hy ons gehelp om uitdagings soos die Jordaanrivier of pyne soos die Rietsee te oorkom, dinge wat andersins nie deur menslike krag gewen kon word nie.

Vir jou was dit dalk dieselfde! Maar moenie vrees nie. God veg vir jou, staan langs jou en sal nie ophou daarmee nie.

***Kyk, so sê die Here: Julle sal nie wind of reën sien nie, en tog sal hierdie vallei vol water word, sodat julle en julle slagvee en julle pakdiere kan drink*** (2 Konings 3:17).

***So sê die Here my God: Ek gaan in Sion 'n klip neersit, 'n uitgesoekte klip, 'n hoekklip wat fondament aan fondament sal sluit. Wie op My vertrou, hoef nie te vlug nie*** (Jesaja 28:16).

Moenie benoud raak nie. God sal vir jou ook wonders doen. Die berge mag padgee en die heuwels na die see toe gestoot word, maar sy genade sal jou nie verlaat nie.

***Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, my vredeverbond met jou sal nooit wankel nie, sê die Here, wat jou liefhet*** (Jesaja 54:10).

God wat keer dat jy nie val nie is by jou. Kyk, alles wat hierdie jaar na jou toe moet kom sal jou bereik, nog in hierdie jaar.

Ons bedieningspad is moeilik, ons krag raak min wanneer ons teen die vyand veg. Maar God lig ons weer op.

***Al val die regverdige hoeveel keer, hy staan weer op, maar die goddeloses word deur rampe vernietig*** (Spreuke 24:16).

Daarom is ons nie ontmoedig nie. God se krag hou ons regop.

Ons vra vir julle innige gebede en blymoedige gawes vir ons **Echo of His Call** bedienings sodat ons ywerig kan bly in ons bediening. En moenie vergeet om ander dienaars van God ook te ondersteun nie. Mag die Here julle oorweldigend seën. Amen!

Geseënde Nuwe Jaar vir julle almal!

Julle dienaars in Christus Jesus,

**PS. ALEX SAMSON SAM, PS. S. SAM SELVA RAJ**
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, Epos: sam@echoofhiscall.org

## Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

**HON. EDITOR-IN-CHIEF**
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
**HON. MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
**GENERAL MANAGER**
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.
**ADMINISTRATION**
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
**EDITORIAL BOARD**
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.
**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
95661 31858
**E.MAIL**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls.1*

## WANHOPIGE TYE VRA VIR WANHOPIGE GEBEDE!

Wanneer God vir jou 'n belofte gemaak het, volhard in gebed, eis dit in geloof tot dit gebeur. Dikwels vra desperate omstandighede vir innige en ernstige gebede. Oral in die Bybel lees ons van mense wat in hul moeilikste omstandighede na God toe gedraai het – en Hy het gereageer deur hulle te onthou.

Dat ek sê "God onthou" beteken nie dat Hy ooit vergeet nie. Nee, eerder dui dit daarop dat die hemel beweeg in antwoord op ons gelowige en volgehoue uitroepe. Amen!

Oordink weer Hanna se storie, diep hartseer omdat sy nie kon swanger word nie. Sy snik dit uit: **"... ek is maar net 'n vrou wat diep terneergedruk is."** (1 Sam 1:15). En nadat sy haar hart uitgestort het in gebed, het sy **gaan eet en was nie meer bedruk nie** (1 Sam 1:18), want sy het 'n antwoord van die Here verwag. En, die Here het haar onthou, en sy het 'n seun gekry.



Ek is 'n vrou wat diep terneergedruk is – Hanna se gebed

Nog 'n kragtige voorbeeld is Hiskia. Toe God vir Hom sê om gereed te maak vir sy dood, het hy desperaat gebid: **"Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë."** (2 Konings 20:3).

Daar is baie getuienisse in die Bybel van hoe sulke desperate gebede God se hart geraak het en Hy dan besonders ingegryp het.

Telkens as iemand gebid het, het Hy onthou. Ek weet nie hoeveel van julle al in die verlede so uitgeroep het nie: "Here, onthou my in u goedhartigheid. Here, wees genadig met my. Asseblief, kyk na my. Gee aandag aan my situasie."

Hier is goeie nuus vir jou! Dit is wat ons Soewereine God verklaar: **"Niks van wat Ek gesê het, sal meer uitgestel word nie. Wat Ek gesê het, sal nou gebeur," sê die Here my God** (Esegiël 12:28).

Dit is my hartlike gebed dat in 2025 God jou sal onthou en sy planne sal deurvoer vir jou en jou gesin en jou bediening.

En net soos ons begeer dat God ons sal onthou, so verlang Hy dat ons sekere dinge sal onthou aan die begin van hierdie jaar. Hy herinner ons aan 'n paar belangrike beginsels om te onthou en te volg:

### 1. ONTHOU DIE HERE SE DADE EN WONDERS!

**Ek wil dink aan die dade van die Here, ja, ek wil dink aan u wonderdade van vroeër. Ek wil nadink oor al u werk en oor al u dade peins.** (Psalm 77:12-13).

Die Bybel leer ons om na te dink oor die seën en wonders wat God in ons lewens gedoen het. Ons sien 'n lewendige voorbeeld hiervan in Josua 4 waar die Israeliete onder Josua se leierskap deur die Jordaanrivier geloop het. En terwyl hulle deurgeloop het, het elke stam 'n klip uit die rivier gevat soos God beveel het, en dit opgestapel op die wal as 'n gedenkteken van God se getrouheid. Hy het gesê: **Wanneer**



**Israeliete steek die Jordaanrivier oor met Josua as leier**

**julle kinders julle eendag vra: 'Wat beteken hierdie klippe vir u?' moet julle vir hulle sê die Jordaan se water is voor die verbondsark van die Here afgesny;** ... (Josua 4:6-7).

Wat het jy as gedenktekens van 2024 of vorige jare? As die Israeliete nie hierdie uitdaging gehad het om die rivier oor te steek nie, sou hulle nie gedenkstene gehad het om vir die volgende geslagte van te kan vertel nie.

Net so laat God soms toe dat ons oorweldigende uitdagings het soos 'n dreunende, sterk vloeiende Jordaanrivier. Sulke uitdagings moet nie net ons geloof bou nie, maar dien ook as getuienisse van wat God kan doen, vir ons en komende geslagte.

## 2. ONTHOU JOU SKEPPER! – Prediker 12:1

Ons sien meer kere hierdie as 'n aanmoediging vir jong mense. Inderdaad sê dit: **Dink aan jou Skepper in jou jong dae ...** (Prediker 12:1). Maar dit gaan verby die jonkheid en roep ons om ons Skepper te onthou ook vir die res van ons lewens. Want dit is maklik om die skepping groter plek te gee as die Skepper. Daarom die waarskuwing: **Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.** (Romeine 1:25).

Sonder om dit te besef beskou ons soms aardse dinge as belangriker as die Een wat dit alles gemaak het. Die Skrif herinner ons: **... beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.** (Matteus 6:33).

Ons vergeet die bron! God is die begin en die einde van ons geloof. Hy het alles gemaak en bly in volle beheer van ons lewens. Elke gebeurtenis in ons lewens kom met 'n goddelike doel. Vertrou die Skepper, want Hy laat alles ten goede meewerk.

Josef se verhaal is 'n goeie voorbeeld. Hy was Jakob se geliefde seun, gebore toe hy al redelik oud was, sy troetelkind – soveel dat sy broers jaloers geword het. Hy was 'n dromer, het beloftes en profesieë van God gekry dat sy gesin eendag voor hom sal buig. Maar God het geweet dit kon nie gebeur waar Josef toe was nie. Hy moes elders heen reis.



Jakob en sy geliefde seun Josef

Jakob sou hom egter nie so ver as Egipte laat gaan nie, al was God se plan daar. So het dit gekom dat Josef 'n moeilike pad gehad het: dit put, die tronk, en uiteindelik die paleis. Maar al die beproewings ten spyt, ook die vals beskuldigings en valse tronkstraf, was God steeds in beheer van elke situasie.



**Jakob moes op 'n moeilike pad wandel**

Liewe vriende, dalk was die lewe onregverdig met jou, en het jy pynlike ervarings gehad, onregverdige behandeling, vernedering, selfs verraad – soos Josef. Onthou, jou Skepper is in beheer.

Josef het die skinker gevra om hom te onthou in die hoop om vrygelaat te word, maar dit was God wat sy opheffing bestuur het. Geen mens het die mag om deure oop te maak wat God gesluit het, of te sluit wat Hy oopgemaak het nie. Vertrou God vir volmaakte tydsbestuur, want **God het elke ding mooi gemaak in sy bepaalde tyd** (Prediker 3:11).

Onthou jou Skepper in elke situasie. Hy lig jou kop op en Hy laat sy planne in vervulling gaan. Vertrou Hom heelhartig. Hy bestuur ons toekoms: **"Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!"** (Jeremia 29:11).

Josef het seker wanhopig gevoel daar in die put, weggegooi deur sy broers. Dalk het hy gedink: "Ek het geen toekoms nie!" Stel jou voor sy wanhoop daar in die tronk, vals beskuldig dat hy 'n hooggeplaaste man se vrou wou aanrand. Geen kans om hieruit gered te word nie. Want hoe kan

*....verv. op.bls. 6*

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2025 Januarie 19 Tot 2025 Februarie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God ...

**Januarie 19** ➲ Dat Hy ons Hulpredakteurs en hul gesinne seën.

**Januarie 20** ➲ Vir sy guns en genade oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hulle gesinne.

**Januarie 21** ➲ Dat Hy voorsien het in al ons geldelike en geestelike behoeftes van die afgelope maand.

**Januarie 22** ➲ Vir seën oor ons Hoofkerk en Dogterkerke en die gelowiges.

**Januarie 23** ➲ Dat ons gereeld Teologiese Seminare kon hou.

**Januarie 24** ➲ Dat ons Kersfees- en Nuwe Jaarvieringe kon hou in al ons gemeentes op 'n betekenisvolle manier wat groot impak gehad het.

**Januarie 25** ➲ Vir al die aksies van **St. Paul Matrikulasieskool**, **Nehemia Bybelkolleges**, en **Teologiese Korrespondensiekursusse**.

**Januarie 26** ➲ Vir ons Senior Pastoor, vir sy toegewydheid om die Evangelie te bevorder deur verskeie bedienings.

**Januarie 27** ➲ Vir sy seën op ons YouTube-bediening met 5-minute boodskappe wat onbereikte mense kan bereik.

**Januarie 28** ➲ Vir sy seën op ons publikasie in 16 tale wat by ons Drukpers gedruk en uitgestuur word na die sendingvelde.

**Januarie 29** ➲ Dat Hy ons **Echo of His Call** personeel en hul gesinne seën met goeie gesondheid en Goddelike beskerming.

**Januarie 30** ➲ Vir seën oor ons koördineerders, veld-sendelinge en hul gesinne.

**Januarie 31** ➲ Vir seën oor ons Pastore en Senior leiers van die Hoofkerk en dogtergemeentes.

**Februarie 01** ➲ Vir sy wonderwerke in ons Hospitaalbediening.

**Februarie 02** ➲ Vir sy seën oor die Manne-byeenkoms by ons Hoofkerk.

**Februarie 03** ➲ Vir sy seën op ons **Global Vision for Youth and Kid Care Ministry**.

### Bid asseblief vir ...

**Februarie 04** ➲ Die vernietiging van nuwe besmettende siektes oral in die wêreld.

**Februarie 05** ➲ Die jeug en uitreikbedienings van **Echo of His Call**.

**Februarie 06** ➲ Vanjaar se nodige fondse vir **Echo of His Call Bedienings**.

**Februarie 07** ➲ Die veiligheid van alle vroue en kinders oral in die wêreld.

**Februarie 08** ➲ Die ophou van geweld teen sendelinge en dienaars van God.

**Februarie 09** ➲ Veiligheid vir ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede teen alle soorte bose magte.

**Februarie 10** ➲ Vrede in Israel, Palestina, Rusland en Oekraïne.

**Februarie 11** ➲ Die studente wat voorberei vir hul Openbare Goewerment-eksamens.

**Februarie 12** ➲ Die beskerming van ons **St. Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkollege** se studente.

**Februarie 13** ➲ Goeie gesondheid vir ons kantoor- en drukkerpersoneel.

**Februarie 14** ➲ Ons Hulpredakteurs en hul gesinslede.

**Februarie 15** ➲ Gefokusde visie om sy Koninkryk te bou op aarde.

**Februarie 16** ➲ Die mense wat ly weens siekte, armoede en hongersnood.

**Februarie 17** ➲ Elke alkoholis en kwaaddoener dat hulle Jesus sal ontmoet.

**Februarie 18** ➲ Vrede oor die hele wêreld.

*verv. v. bls.4*

enigeen iemand so magtig as Potifar probeer teenstaan?

Tog, in al hierdie moeilikhede was God aan die werk. Deur onverwagte gebeurlikhede het God die farao gebruik om Josef op te hef en sy kop hoog te hou. Maar hierdie verandering het nie oornag gebeur nie, en Josef moes deur alles leer om God algeheel te vertrou.

God is vandag nog dieselfde. Hy kan hierdie jaar die regte mense in jou lewe bring om jou op te hef en jou hoop te herstel. Onthou, Hy is jou heerlikheid en Hy tel jou kop weer op. Hoe erg jou omstandighede mag lyk of hoe onmoontlik die pad vorentoe voorkom, vertrou jou Skepper. Hy kan baie meer doen as wat jy kan vra of dink.

## 3. ONTHOU JOU VOORSIENER!

**Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf.** (Deuteronomium 8:17-18).

Deuteronomium 8 is een van my gunsteling gedeeltes in die Bybel. Dit dien as 'n besondere herinnering dat alles wat ons het – sterkte, krag, wysheid, sukses – alles kom van God. Dit waarsku ons teen trots, maan ons om nie te roem op ons vermoëns of die Een wat vir ons sorg te vergeet nie.

Hierdie vers praat met ons diepste gedagtes: "Jy mag dalk in jou hart dink ..." God verstaan dat ons bedoelings en aksies nie altyd mooi in lyn is nie. Daarom is sy waarskuwing nie net oor woorde nie, maar ook oor die gedagtes wat die woorde vooraf bedink.

So, as jy hierdie jaar begin, laat dit jou gebed wees om te onthou God bly steeds jou voorsiener in elke gebeurlikheid. Onthou, dieselfde God wat 5,000 mense gevoed het met vyf broodbolletjies en twee visse kan sekerlik in al jou behoeftes voorsien.



**Vyf broodjies en twee visse – genoeg kos!**

Dalk begin jy die jaar met ongewone uitdagings – onseker oor hoe om jou huishouding te bestuur, of te voorsien vir jou gesin. Laat God se versekering in jou hart weerklink: "Ek is jou Voorsiener. Moenie bang of verskrik wees nie. As Ek die weduwee en haar seun kon versorg met bietjie meel en olie tydens 'n hongersnood, kan ek vir jou ook voorsien."

## 4. ONTHOU JOU SABBAT!



**Nuwe Testament Christene vier gewoonlik Sondae.**

Die Sabbat is dikwels 'n omstrede onderwerp. Ek weet dat Saterdag die sewende dag is, maar die Nuwe Testamentiese Christene het gewoonlik Sondae as heilige dag gevier, die dag van Jesus se opstanding. In baie Midde-oosterse lande is die heilige dag egter

NEHEMIAH BYBELKOLLEGES
Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.
HAAS JOU VIR TOELATING!
Medium :Tamil (Part Time)
Hindi (Residential) (Sponsorship Available)
Diploma in Theology
Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër
Bid asb. vir
Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 55 jaar
Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

Vrydag. As jy in so 'n omgewing woon word kerkbyeenkomste op 'n Vrydag die norm.

My punt is eenvoudig: of jy nou Vrydag of Saterdag of Sondag vier, onthou om dit heilig te hou. Soos die Skrif sê: ... **daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig** (Eksodus 20:11). Hierdie gebod gaan oor voorkeur vir God op daardie dag. Geniet meer tyd met Hom, wy die dag aan lofbetuiging en nadenke.

Sommige beskou "rus op die Sabbat" as 'n verskoning vir laat slaap, of om lekker te gaan rondry eerder as 'n erediens meemaak. Maar, liewe vriende, ek benadruk in nederigheid: Wat aan God behoort, gee dit vir Hom. **"Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort."** (Matteus 22:21). Een dag in die week behoort aan Hom – moet Hom nie beroof nie.

Ongelukkig het baie van ons ons voorkeure omgeswaai. Ons gee vir God die oorbly-tydjies, eers ons werk en persoonlike sake en dan vir Hom. Ons redes daarvoor is iets soos:

"Ek moet werk, want hoe anders gaan ek my rekenings betaal?"

"Ek moet klasse bywoon op Sondae om my eksamens te slaag."

"Ek speel in 'n wedstryd; God gee my die vaardigheid om professioneel te kan speel."

Sulke redes lyk baie geldig, maar ons moet onsself afvra: Vir wie bring ons eer in hierdie keuses? Die Bybel leer: **... wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.** (1 Korintiërs 10:31). Vereer ons Hom regtig? Dit is die werklike vraag.


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## ... Hulle wat die Here dien het geen gebrek nie. – Psalm 34:10.

Sedert 1969 toe ons die **Echo of His Call** bedienings begin het, het ons geld nodig gehad vir ons veelsydige bedienings. Geld was nodig vir salarisse vir die werkers, druk-papier, posseëls, telefoon kostes, elektrisiteit-rekening, geboue-huur, vervoer, liefdadigheid, ensovoorts.

Vir myself is die Here Jesus Christus genoeg. Ek het nooit aan iemand se deur geklop of 'n kantoor ingegaan en geld verwag nie. Dit is ook my gewoonte om nie my gemeente se lidmate of vriende te vra vir finansiële hulp nie. Want, die Here wat my geroep het voorsien in al my behoeftes, betyds, op sy eie wonderlike maniere.

Wanneer daar tye van nood en moeilikhede was, het ek dit gesien as 'my tyd om te verdra, tyd wanneer God my laat bid' en 'tye om inniger verhouding met Hom te hê in gebed.' Ek het groot wonderwerke beleef na sulke ervarings. In daardie situasies het God onbekende mense aangespoor om my te help. Hy het my en my gesin verskeie kere gevoed deur mense wat ek nie geken het nie!

In 1975 moes ek 300 Indiese Rupees betaal aan Bapuji Press, wat ons **Echo of His Call**-tydskrif gedruk het. Die betaling is vertraag omdat ek nie geld beskikbaar gehad het nie. Een Donderdag het ek vir die bestuurder gesê ek sal dit die volgende Maandag betaal. Maar daar was geen inkomste-bron nie. Ek het hieroor gebid in rustig gebly. Die nodige geld het eers die volgende Sondag gekom.

Die Maandagoggend, toe ek my posbus oopmaak by die poskantoor, kry ek 'n koevert van Nagalapuram, 'n klein dorpie tussen Madurai en Tuticorin in Suid Indië. Daar was 'n ongekruisde "bank demand draft" vir 300 Rupees in die koevert. Dit was genoeg vir daardie dag se behoefte. God het my in staat gestel om die geld te betaal volgens my belofte. Alle eer aan Hom!

Baie jare later het ek daardie persoon gaan ontmoet by Nagalapuram. Tot my verbasing vind ek toe hy was net 'n arm werker wat skoene gemaak het.

Hy was baie bly om my te sien en vertel toe: "Meneer, daar spesifieke Donderdag het ek gevoel iemand praat in my hart en dring my om die 300 Rupees, wat al was wat ek toe gehad het, te stuur na **Echo of His Call Bedienings.** Ek het dit toe die Vrydag gestuur en jy het dit die Maandag gekry."



So doen die Here Jesus Christus wonders in my lewe.

Ja, dit is 'n moeilike pad. Maar tog kan ek elke dag getuig van die grootheid van ons God se heerlikheid. Hy is my Herder, ek kom niks kort nie.

************

## 5. ONTHOU VAN WAAR JY GEVAL HET!

Dit Bybel gee ons 'n ernstige waarskuwing: **Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!** (Openbaring 2:5).

Kom ons hou eers stil en evalueer ons lewens wanneer die jaar begin. Waar het ons kort gekom? Wat behoort ons te begin doen, of te stop of anders te doen? God roep ons sagkens terug na Hom toe, veral nou.



## Draai terug na My en doen die werke

Kom na Hom toe. Hy wag met oop arms, vol liefde en hoop. Selfs wanneer ons voel ons is nie sy liefde, genade of guns waardig nie, onthou dan: Jesus het aan die kruis gesterf terwyl Hy weet ons het sy genade nodig. Sonder Hom kan ons niks doen nie.

Hy het ons sondes vergewe, en Hy is besig om van ons gebroke stukkies iets nuuts te maak. Die eintlike vraag is: Is ons gewillig om ons gebrokenheid aan Hom oor te gee sodat Hy iets besonders kan maak?

Mag jy 'n produktiewe en vrugtevolle jaar in die Here hê. Mag jy baie se lewens aanraak met sy liefde en die lig van Jesus bly skyn om 'n verskil te maak in die wêreld rondom jou.

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR** - Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## ONMIDDELLIK BENODIG

**ECHO OF HIS CALL brei vinnig uit. Ons benodig sending bewuste, toegewyde en getroue mans en vroue kandidate vir die volgende posisies:**

Please Contact
**ECHO OF HIS CALL** office (OR) Doen aansoek by whatsapp nommer : 98412 71858, E-pos : sam@echoofhiscall.org

- Voltydse Hulppastore vir ons Hoofkerk
- Voltydse Hulppastore vir ons sustergemeentes in Chennai
- Voltydse veiligheidspersoneel
- DTP Operateurs en tikkers
- Vaardig in praat en skryf in Engels en ander tale
- Kantoorbestuurders wat belangstel in Administrasie
- Voltydse lektore vir Bybelkolleges

**Salaris volens kwalifikasies en ondervinding.**

- Vrywilligers wat ons bedienings kan bekendstel en bevorder
- Hon. Co-ordinators to serve in Editorial Board of **Echo of His Call**
- Voltydse voertuigbestuurders
- Hoof en Onderwysers vir die Matrikulasieskool
- Voltydse kokke (vroulik)
- Voltydse huishoudelike werknemers

**Bid asb. vir**

RNITCNO.TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th JANUARY 2025
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**